

NEDERLAND, BELGIË EN ANDRÉ RIEU-KONSERT 30 Junie – 12 Julie 2018 TOERPROGRAM

Junie

Sa 30 JOHANNESBURG – DUBAI

Ons ontmoet mekaar om **16:10** by **Emirates** se inweegtoonbanke op die **O.R. Tambo-luhawe** in **Johannesburg** vir **Vlug EK 764** wat om **19:10** na **Dubai** vertrek. Kapenaars ontmoet om **15:05** vir **Vlug EK 771** wat om **18:05** vertrek.

Julie

So 01 DUBAI – AMSTERDAM

Ons land vanoggend om **05:30** in **Dubai** en vertrek om **08:05** as 'n groep met **Vlug EK 147** na **Amsterdam**, waar ons om **13:15** aankom. Daarna word ons na ons boot, die **MS Rigoletto**, geneem.

Ma 02 AMSTERDAM – ENKHUIZEN

Vandag het u heeldag vry om hierdie wêreldstad met nie minder nie as 160 kanale en bruggies te ervaar.

Die boot lê binne loopafstand van die hoofreinstasie en die Damplein, van waar dit maklik is om **Amsterdam** te leer ken. 'n Mens sien die Oorlogsmonument in die middel van die plein en die Koninklike Paleis met die standbeeld van Atlas bo-op. Dit is moontlik om die Paleis te besoek. Langs die Paleis is die Nuwe Kerk. Aan die regterkant van die plein is die stad se grootste afdelingswinkel, die Bijenkorf en langs die Bijenkorf die Damrak – 'n straat wat na Amsterdam se 'Centraal Station' lei. Skuins oorkant die Bijenkorf is Kalverstraat – 'n baie lekker inkopiestraat met talle groot winkels. Madame Tussaud se wasmuseum aan die Damplein is ook 'n besoek werd. Verskeie ander museums, oa die Ryksmuseum met Rembrandt se Nagwag, kan vanaf die Damplein per trem bereik word.

Om **17:00** vertrek die **Rigoletto** na **Enkhuizen**, die eerste stad aan die Ysselmeer, waar ons om **21:00** vasmeer.

Di 03 ENKHUIZEN

Ons het vanoggend geleentheid om in hierdie ou geskiedkundige stad rond te stap.

Enkhuizen is 'n stad wat as gevolg van die NOIK groot rykdom en invloed gekry het. Die ryk geskiedenis uit daardie tyd is vandag steeds te sien wanneer 'n mens deur die ou stad stap. Daar is talle groot huise, kanale, kerke en fonteine. Onder die belangrikste besienswaardighede is die Suidsee-museum wat die geskiedenis van die stad en die gewese Suidsee skets.

Ons vertrek om **13:30** na **Stavoren**, in die provinsie Friesland waar ons om **15:00** vasmeer. Stavoren het minder as duisend inwoners en was die eerste Nederlandse gemeenskap wat in die 11de eeu dorpsregte verkry het. Nadat die hawe aan die einde van die Middeleeue toegespoel het, het die dorp verval. Deesdae is Stavoren gewild onder toeriste wat kom kyk hoe die eens florerende dorp vandag lyk. Ons kan die dorp rustig te voet verken. Dit is moontlik om teen 'n billike prys, die naburige dorpie, **Hindeloopen** per bus te besoek.

Om **19:00** vertrek ons na **Kampen**, waar ons om **23:00** aankom.

Wo 04 KAMPEN – DEVENTER

Kampen is 'n stad aan die Ysselrivier met 'n bevolking van sowat 35 000. Dit het een van die bes bewaarde binnestede in Nederland. Daar is oa oorblyfsels van die ou stadsplein, waarvan drie poorte steeds staan, asook talle kerke. Drie brûe oor die Yssel verbind die stad met Ysselmuiden en Kamper-eiland.

Om **13:00** vertrek ons na **Deventer**, waar ons om **17:00** vasmeer.

Deventer, met 'n bevolking van sowat 80 000, lê ook aan die Ysselrivier. Gedurende die Middeleeue was Deventer deel van die Hansaverbond, 'n belangrike Noord-Duitse handelsnetwerk. Dit is een van Nederland se oudste stede en het in 1123 stadsregte verkry.

Deventer het die oudste steenhuis, die oudste wandelpark en ook die oudste wetenskapbiblioteek in Nederland.

Deventer het sleg deurgeloopt in die Tweede Wêreldoorlog. Groot verwoesting is gesaai, maar die beskadigde geboue is gelukkig ná die oorlog gerestoureer.

Do 05 NIJMEGEN

Ons vertrek vanoggend om **04:00** na **Nijmegen**, waar die Rigoletto om **13:00** vasmeer.

Nijmegen is Nederland se oudste stad en dateer uit die Romeinse tydperk voor Christus. Ons stap op ons eie aan wal om hierdie interessante stad te verken. Om **19:00** is ons terug op die Rigoletto en vaar ons voort na Maastricht. Op pad kuier ons heerlik op die dek of in die sitkamer en verlustig ons aan die Nederlandse landskap wat by ons verby beweeg.

Vr 06 MAASTRICHT

Die boot meer om om **13:00** vas by **Maastricht** – 'n stad wat talle besienswaardighede vir toeriste bied. Die Rigoletto lê naby die ou stad. Na aankoms het ons geleentheid om te gaan kyk waar Vrijthof geleë is en die stad te verken. In die straat agter Vrijthof se verhoog, is 'n André Rieu-museum. Aangesien ons vroeg môreggend vertrek, is vanmiddag die enigste geleentheid vir inkopies in Maastricht.

Ons geniet aandete by 'n plaaslike hotel (Hotel van der Valk) en word per bus daarheen vervoer. Ná ete laai die bus ons by Vrijthof af. Die atmosfeer in die strate is gewoonlik elektries. Gewapen met Suid-Afrikaanse vlaggies, neem ons ons sitplekke in om vir André Rieu in sy heimat te sien optree. Dit is 'n ongeëwenaarde skouspel wat 'n mens saam met toeriste van oor die hele wêreld beleef.

Ons stap in groepies terug boot toe.

Sa 07 ANTWERPEN

Ons vertrek vanoggend om 04:00 en meer vanmiddag om 16:00 in **Antwerpen** vas. Antwerpen is bekend as die wêreld se diamantstad en sowat 85% van die wêreld se ongeslypte diamante word jaarliks hier verhandel.

Met sowat 510 000 inwoners is Antwerpen België se grootste stad. Onder die besienswaardighede tel die katedraal van Onze Lieve Vrouw. Dis die grootste katedraal in die Lae Lande en steeds Antwerpen se hoogste gebou. Die stad se Groot Markplein is vir verkeer gesluit en is die ideale plek om rond te stap. Antwerpen se stadsaal is aan die plein geleë.

So 08 ANTWERPEN – BRUGGE – ANTWERPEN

Ons onderneem 'n daguitstappie na **Brugge**, ook bekend as "Die Venesië van die Noorde", een van België se kroonjuwele! In min ander stede is die voorkoms en belewenis van die Middeleeue so intens soos in hierdie sjarmante stad. Die historiese Ou Stad met kronkelende voetgangerstraatjies, romantiese bruggies oor die vele kanale (reien), dekoratief-gerestoureerde gewelhuissies en museums vol kunsskatte is met reg tot 'n Unesco-wêrelderfenisgebied verklaar.

Alles in Brugge is egter nie Middeleeus nie. Die Neo-Gotiese styl van die negentiende eeu is oral sigbaar, soos in die sierlike Gotiese toringkerke. Om by al die mooi plekkies uit te kom, vind ons besigtigingstoer hoofsaaklik te voet plaas. Dit bied die ideale geleentheid om die Belgiese kultuur van nader te leer ken.

Daar is ook tyd vir inkopies en/of 'n opsionele kanaalvaart deur die Ou Stad. Om **18:00** is ons terug aan boord.

Ma 09 ANTWERPEN – HEUSDEN

Die boot vertrek om **05:00** vanoggend en meer om **12:00** by **Heusden** vas.

Heusden is 'n geskiedkundige stad aan die oosewer van die Maasrivier. Die stad het reeds in 1231 stadsregte ontvang. Deur die eeue het die Romeine, Spanjaarde, Franse en selfs die Habsburgers om die beurt hul stempel hier afgedruk. Die stadskern is as 'n bewaringsgebied aangewys.

Die boot vertrek om **18:00** na **Mook** en meer net na middernag daar vas.

Di 10 MOOK

Ons bring die dag in Mook deur. Die booteienaars reël vir ons 'n dag waartydens ons geleentheid het om die Nederlandse platteland en die leefwyse van die inwoners eerstehands te sien en te beleef. 'n Besoek aan die oorlogsbegraafplaas in Mook is glo die moeite werd.

Wo 11 MOOK – VENLO

Ons vertrek om **04:00** van Mook na **Venlo** waar ons om **09:00** aankom en om **10:00** ontskeep. Om ongeveer **18:00** meld ons by die **Schiphol-lughawe** buite **Amsterdam** aan vir die eerste been van ons terugvlug na Suid-Afrika. **Vlug EK 150** vertrek om **21:50** na **Dubai**.

Do 12 DUBAI – JOHANNESBURG/KAAPSTAD

Ons land vanoggend om **06:30** in **Dubai**, van waar ons om **10:05** met **Vlug EK 763** na **Johannesburg**, of om **10:45** met **Vlug EK 778** na **Kaapstad** vertrek. Ons land onderskeidelik om **16:25** in **Johannesburg** en om **18:30** in **Kaapstad**, ná 'n verrykende vakansie saam met baie nuwe vriende!

Die program is aan veranderinge onderhewig, sou onvoorsiene omstandighede dit noodsaak.